Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

AUGUSTUS 2025

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

OPGRADERING VAN WATER- EN RIOLERINGSINFRASTRUKTUUR VORDER FLUKS

In die weste is die opgradering van Kleinmond se afvalwaterbehandelingsaanleg (geleë langs die R44) ten bedrae van ± R55 miljoen voltooi.

Hierdie projek het ten doel gehad om die bestaande aanleg te verbou en op te gradeer met insluiting van die installering van 'n nuwe aërobiese reaktor, omskakeling van die bestaande reaktor na 'n ankosiese kom en die installering van 'n meganiese sif en 'n sifselspoeler/-pers. Tesame met verskeie strukturele en prosesverbeterings, is 'n toegangsblad en nuwe personeel-fasiliteite ook bygevoeg.

Die aanleg het nou 'n behandelingskapasiteit van twee megaliter per dag.

Na die ooste het Pearly Beach se watertoring 'n broodnodige "verjongingskuur" ondergaan om sy strukturele integriteit te herstel. Pearly Beach is van beide die Koekemoer- en Pearly Beach-dam vir die voorsiening van water afhanklik, en die behandelingsaanleg is oorspronklik ontwikkel om 'n vermenging van beide bronne te hanteer.

Ander deurlopende projekte oral in die Overstrand sluit die vervanging van verouderende waterpype, die ontwikkeling van boorgate en die installering van nuwe ontsmettingstelsels, om maar 'n paar te noem, in.



"Is jy bewus daarvan dat jou buurvrou mishandel word?

VERBREEK DIE STILTE: *SÊ IETS!*"

Augustus is *Vrouemaand*, 'n maand wat daaraan gewy word om daardie merkwaardige vroue te vereer wat soveel gedoen het en bereid was om alles op te offer in die hoop dat almal eendag vry sal wees en dat daar teen niemand gediskrimineer sal word nie.

Die tragiek is dat baie, baie vroue wat in die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika" woon geensins vry is of gelyke beregtiging geniet nie.

Die hoë voorkoms van geslagsgebaseerde misdade wat teenoor vroue gepleeg word, kan nie misken word nie: Daardie misdade word al te dikwels ten aanhore van die slagoffer se bure gepleeg, bure wat bloot hul rug keer met die flou verskoning dat huishoudelike rusietjies niks met hulle te make het nie.

Op die koop toe, selfs al wend slagoffers hulle tot die SAPD of die howe vir hulp, word sake dikwels afgemaak as blote "relletjies" tussen man en vrou wat nie werd is om te vervolg nie weens 'n gebrek aan bewyse dat 'n misdaad inderwaarheid gepleeg is.

Dit laat mens wonder: Na wie wend 'n mishandelde vrou haar wanneer haar enigste opsie is om saam met haar getraumatiseerde kinders op die vlug te slaan?

Die onus rus op ons as 'n gemeenskap om veilige ruimtes te skep waarheen mishandelde vroue hulle kan wend en waar hulle die nodige ondersteuning sal kry sodat hulle en ook hul kinders net soveel aanspraak kan maak op 'n sinvolle lewe as die res van ons.

Om mee te begin, as jy vermoed dat jou buurvrou mishandel word, kontak asseblief enigeen van die organisasies wat welsynsdienste in jou area bied.

Hierdie organisasies **moet** alle inligting as vertroulik behandel en staan onder 'n verpligting om alle gevalle wat onder hulle aandag gebring is, op te volg.

Kortom, deur bloot 'n maatskaplike diens daarop bedag te maak dat mishandeling vermoed word, kan jy dalk help om die tragiese verwoesting van talle onskuldige lewens te verhoed.

Moenie jou rug draai nie: Die vroue van Suid-Afrika is sekerlik 'n veilige, ondersteunende gemeenskap waardig waar almal vry kan wees en gelyke beregtiging geniet?

#BreakTheSilence

Liggings kan nou haarfyn vasgepen word



Die jongste weergawe van Munisipaliteit Overstrand se Collab Citizen-toep (w1.9.46) stryk die probleme uit wat gebruikers met die kies van die presiese ligging van 'n diensversoek gehad het. Met hierdie opdatering kan jy nou 'n ligging akkuraat kies (*pin*) of 'n adres verander. Jy kan selfs jou adres as 'n gunsteling stoor. Om die waarheid te sê, jy kan soveel adresse stoor as wat jy wil – heel handig wanneer 'n diensversoek ingedien word want jy hoef bloot net op die **"Favourites"→ikoon** te kliek.

Hierdie verbetering maak ook die proses om 'n probleem te rapporteer en op te volg heelwat vinniger. Het iemand anders dalk al, byvoorbeeld, die defektiewe straatlig, slaggat of oorgroeide erf in jou straat gerapporteer?

Allerbelangrik, in kritieke tye wanneer munisipale hulpbronne onder geweldige druk verkeer, help dit om te verhoed dat dieselfde probleem meer as een keer aangemeld word. Hewige storms dien as 'n goeie voorbeeld van sulke tye want dit is wanneer ons talryke aanmeldings van min of meer dieselfde ligging ontvang dat 'n stormwaterpyp verstop is, 'n kragdraad afgeruk is, 'n boom omgewaai het.

Dit is geensins ons bedoeling om enigeen te ontmoedig om 'n kwessie of probleem te rapporteer nie. Al wat ons vra is dat, indien hoegenaamd moontlik, jy eers na die Collab-toep gaan. Zoem in om die groen liggingsmerkers te wys.

Hierdie merkers sal wys watter kwessies reeds in jou area aangemeld is. Tik op enigeen van hierdie merkers en kies dan **"FOLLOW"**, om die details van die aangemelde kwessie te sien. Dit stel jou tegelyk in staat om tred te hou met die vordering wat met die oplos van die probleem gemaak is.

Vir instruksies oor hoe om die jongste weergawe van die toep af te laai, gaan na **www.overstrand.gov.za/overstrand-collab-citizen-app**.

VERANTWOORDELIKE AFVALBESTUUR IS IN ALMAL SE BELANG

Overstrand word al vir baie jare lof toegeswaai vir die voortreflike stelsel wat deur hierdie munisipaliteit ingespan word om op 'n verantwoordelike, omgewingsvriendelike wyse met afval weg te doen.

Die doeltreffendheid van hierdie stelsel hang egter grotendeels daarvan af dat soveel as moontlik afval nooit op 'n vullisterrein beland nie omdat herwinning en hergebruik as 'n gewoonte by inwoners ingeboesem is.

Ter illustrasie, danksy die uitstekende samewerking van maar net daardie mense wat in die Groter Gansbaai-area woon, wys statistieke vir die tydperk Mei 2024 tot April 2025 dat **1 666 ton** bourommel en -grond, **175 ton** organiese afval en **25 ton** herwinbare materiaal reeds gemiddeld per maand weggelei word van die Gansbaai-vullisterrein.

Gevolglik kon gewone huishoudelike afval wat gedurende dieselfde tydperk by die vullisterrein beland het, tot gemiddeld **1 234 ton** per maand beperk word.

As die praktyk om sowat 60% afval per maand weg te lei, volgehou kan word, hoe waarskynliker is dat hierdie vullisterrein se gebruiksleeftyd tot 2036 verleng kan word.

In wese hang 'n kultuur waar herwinning en hergebruik bloot tweede natuur is van twee beginsels af: sorgsaamheid en mededeelsaamheid.

HERWINBARE ITEMS IS HUL GEWIG IN GOUD WERD

Dit maak nie net omgewingsgewys sin om items soos glas, karton, plastiek en blikkies soveel kere as moontlik te herwin nie, dit is ook goed vir die ekonomie: Te danke aan die talryke werksgeleenthede wat deur hierdie praktyk geskep word, dra herwinning regstreeks tot maatskaplike ontwikkeling by.

In Gansbaai word 'n toegewyde materiaalherwinningsfasiliteit (in Engels 'n *material recovery facility* afgekort as MRF) deur 'n gekontrakteerde diensverskaffer, EnviroServ, bedryf wat tans vyf mense voltyds in diens het en werk aan 'n verdere drie op 'n korttermynbasis verskaf. Die MRF in Hermanus wat deur Hermanus Recycling bedryf word, het 23 mense in diens. Hierdie is die mense wat, aan die begin van die siklus, daarvoor verantwoordelik is om herwinbare items met die hand te sorteer sodat hulle gekrat/gebaal kan word vir verkope aan gespesialiseerde herwinningsmaatskappye – maatskappye wat op hulle beurt wie weet hoeveel mense in diens het.

Munisipaliteit Overstrand bedryf al vir baie jare 'n twee-sak-stelsel vir algemene huishoudelike afval: Gewone afval gaan in 'n swart sak, en herwinbare items gaan in 'n deursigtige plastieksak. Beide sakke word deur die munisipaliteit op vullisverwyderingsdae afgehaal, waarna daar met die swartsakke by 'n vullisterrein of oorlaaistasie weggedoen word en die deursigtige sakke na 'n materiaalherwinningsfasiliteit herlei word.

SÓ STAAN SAKE TANS MET DIE VERKOOP EN VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOMME

'n Wyle gelede, in Junie 2022 om presies te wees, het Munisipaliteit Overstrand 'n konferensie gehou met die doel om potensiële beleggers te lok wat dalk daarin sou belangstel om die potensiaal van sekere eiendomme in munisipale besit te ontsluit.

Soos blyk uit 'n verslag wat onlangs tydens 'n Raadsvergadering deur die burgemeesterskomiteelid vir beplanning en ontwikkeling, onderburgemeester Elnora Gillion, voorgelê is, het heelwat sedertdien gebeur. Tenders vir die sogenaamde "Zwelihle Yellow Building" is geadverteer, die tender vir die Sjechinah Selfboustoor is toegeken, en die verslag oor die Sandbaaisaal is aan die vorige burgemeester voorgelê.

Ongeregistreerde erf 12308 (gedeelte van erf 384) in Hermanus en erf 1886 in Franskraalstrand is verkoop en oorgedra vir, onderskeidelik, ontwikkeling as mediese fasiliteite en meenthuise.

Die tabel hier onder bied 'n bondige opsomming van die stand van sake soos per die tenders wat tot op hede geadverteer is.

BESKRYWING	HUIDIGE STATUS (MIDDEL JUNIE)
Huur en ontwikkeling van die openbare oord De Mond, Hermanus	Toegeken; huurooreenkoms onderteken
Huur, ontwikkeling en bestuur van Nautilus Restaurant, Hermanus	Toegeken; huurooreenkoms onderteken
Huur, ontwikkeling en bestuur van Dutchies Restaurant, Hermanus	Toegeken; huurooreenkoms onderteken
Huur, ontwikkeling en bestuur van Kleinmond-openbare-oord	Toegeken; huurooreenkoms onderteken
Huur, ontwikkeling en bestuur van Fisherhaven-seiljagklub	Toegeken; huurooreenkoms onderteken
Verkoop van ongeregistreerde erf 11440, Hermanus (kantore)	Nuwe waardasie benodig vir nuwe tender in 2025/2026-boekjaar
Verkoop van 'n gedeelte van erf 4771, Hermanus (residensiële ontwikkeling)	Tender gekanselleer; dorpsbeplanningsproses van stapel gestuur
Verkoop van 'n gedeelte van erf 4833, Hermanus (residensiële ontwikkeling)	Toegeken; koopakte onderteken; dorpsbeplanning word tans onderneem
Verkoop van erf 1070, De Kelders (natuurreservaat / toeristefasiliteit)	Tender gekanselleer; nuwe waardasie benodig vir nuwe tender in 2025/2026-boekjaar
Verkoop van twee gedeeltes van erf 210, Gansbaai (soutwater-telery/ligte nywerhede)	Gestaak; ondersoek het getoon dat eiendomme té nat vir formele ontwikkeling is
Verkoop van ongeregistreerde erf 6387, Gansbaai (nywerheidsontwikkeling)	Tender gekanselleer; nuwe waardasie benodig vir nuwe tender in 2025/2026-boekjaar

* Volledige besonderhede is beskikbaar op die munisipale webtuiste

SORGSAAMHEID EN MEDEDEELSAAMHEID BEGIN TUIS

Om die twee-sak-stelsel onder die knie te kry, is so maklik soos 1-2-3.

1. Om af te skop, skaf 'n rolletjie deursigtige vullissakke aan.
2. Sit alle herwinbare huishoudelike afval (bv. glashouers, koerante, plastiekbottels, melkkartonne en ontbytgraanbokse) in een van die deursigtige sakke.
3. Onthou om daardie sak volgende keer op vullisverwyderingsdag uit te sit. Ons sal jou sak optel en met 'n nuwe een vervang. (Hou vas aan daai rolletjie wat jy gekoop het: Dit kan handig te pas kom ingeval jou gratis vervangende sak dalk in die niet verdwyn.)

En dis dit!

Maak 'n gewoonte van die twee-sak-stelsel deur seker te maak dat almal in jou huishouding weet:

- Herwinbare items moet skoon en droog wees.
- Gebreekte glas moet eers in koerantpapier toegedraai word voordat dit in die deursigtige sak gesit word.
- Herwinbare items moet nooit in 'n swart sak beland nie.
- Deursigtige sakke is uitsluitlik vir herwinbare items, en swart sakke is uitsluitlik vir "nat" afval (bv. kosreste) en ander nieherwinbare afval.

Herwinbare items kan direk by enigeen van die twee materiaalherwinningsfasiliteite (Gansbaai of Hermanus) afgelaai word. So nie, laai dit af by die oorlaaistasie in Kleinmond of by 'n aangewese aflaaipunt in jou area. Ons sal dit oplaai en die herwinbare items na 'n MRF vervoer.

Terloops, verskeie ruilwinkels wat meestal in digbewoonde areas oral in Overstrand bedryf word, sal met graagte ingesamelde herwinbare items vir basiese verbruiksware verruil.

Hierdie inisiatief het veral onder skoolkinders posgevat wat deesdae met liefde 'n weggegooide koeldrankbottel of -blikke sal optel omdat hulle weet dat hulle die hele kaboedel binnekort vir goed soos potlode, penne, inkleurkryte en skrifte sal kan verruil.